

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: Leraars, kerkkantore en kerkrade

2 Mei 2020

Liewe vriende,

VLAK 4 VAN INPERKING EN DIE TOEPASSING DAARVAN IN GEMEENTES

Baie sterkte vir elkeen van julle. Ons leef in 'n moeilike tyd en baie uitdagings word aan elkeen van ons gestel. Die Here is egter Immanuel, God-by-ons, en dra vir ons deur hierdie dae.

By die skryf hiervan het ons reeds vyf weke van inperking agter die rug en het die regering stadig begin met die eerste ontvriësing van beweging sodat die ekonomie weer op gang kan kom. Die vraag is wat dit vir gemeentes beteken en hoe ons ons bedrywighede in die fase van Vlak 4 kan inrig.

Ek maak graag die volgende opmerkings:

1. Hou rekening met die *plaaslike* toepassing van Covid-19-maatreëls

Ons kantoor kry baie navrae oor wat onder vlak 4 toelaatbaar is en wat nie. Die antwoorde is nie altyd maklik nie.

Die rampbestuurseenhede van metropole en distriksmunisipaliteit het elkeen 'n eie siening oor sake soos 'n troue in 'n pastorie. Dit is dus nie moontlik om van 'n sinodale kantoor oor alle bedieningsaspekte vir jou klinkklare antwoorde te gee nie. Jou plaaslike munisipale rampbestuurseenheid en jou polisiehoof is jou vriende. Benader hulle vriendelik, bid vir hulle en vra jou vrae vir hulle.

'n Baie nuttige bron wat hierdie verskille uitlig, ook wanneer verskillende vlakke in verskillende dele van die land begin geld, is te vind by: <https://www.lockdownbozza.co.za/home>. Kies ons provinsie en jou eie distriksmunisipaliteit om die reëlings te sien. Hierdie webblad werk ten beste op 'n selfoon.

Dit bring ons terug by die vraag wat gemeentes nou in vlak 4 mag doen en wat nie gedoen mag word nie. Wat weet ons wel?

2. Brondokumente: Gepubliseerde regulasies oor Vlak 4 in die staatskoerant

Twee staatskoerante (SK) wat op 29 April 2020 gepubliseer is, spel die reëls en regulasies vir Vlak 4 uit. Dit geld vanaf 1 Mei 2020:

- Staatskoerant (SK) [43258](#): **watter werk** onder Vlak 4 inperking verrig mag word.
- Staatskoerant (SK) [43257](#): hoe die **werkplek ingerig** moet word.

Handige opsommings van die verskillende vlakke is beskikbaar (onder "Risk adjusted strategy") by: <https://sacoronavirus.co.za/covid-19-risk-adjusted-strategy/>.

Hierdie bepalings is wetlik afdwingbaar.

3. Wat gedoen kan word

Vlak 4 gee duidelik nog nie aan gemeentes die reg om na normaal terug te keer nie. Eredienste en funksies is steeds verbode ("all gatherings are banned"- paragraaf 23 van SK 43258). Begrafnisse word steeds beperk tot 'n maksimum van 50 persone. Spesiale magtiging is steeds nodig om die grense van distrikte vir begrafnisse oor te steek. Die staatskoerante gee ook vorms vir die verskillende permitte en beëdigde verklarings.

3.1 Bepaalde funksies toelaatbaar

Kerkkantore kan vir bepaalde funksies oopmaak. Wat deur gemeentes gedoen kan word, word in Tabel 1 van SK 43258 uitgespel:

- **Deel P4: Hulp en versorgingsdienste:** gemeentes wat aktief betrokke is by voeding, hulp en versorgingsdienste kan 'n permit aan die betrokke personeel gee.
- **Deel E2: Die verkoop van warm kos:** Personeel wat warm kos maak en tuis aflewer kan 'n permit kry – met slegs kontantlose betaling en kontaklose aflewering (verkoop van kerrie en rys, vetkoeke);
- **Deel H5: Die personeel wat salarisse administreer** kan daarvoor 'n permit kry. Die kerkkantoor kan nie vir normale werksaamhede oopmaak nie.

Alle personeel wat bogenoemde funksies verrig moet opgelei word om korrek op te tree om die verspreiding van Covid-19 te beperk. Die maatreëls word nie opgehef wanneer ons bv. die saal se deur toetrek om die kospakkies te pak nie (kyk ondertoe in hierdie skrywe vir maatreëls).

Wanneer jy in 'n ruimte is en iemand anders kom nie die maatreëls na nie, rus die verantwoordelikheid op jou om die ruimte te verlaat. Dit geld ook begrafnisse: indien jy oplet meer as 50 persone betree die ruimte, moet jy dit verlaat om medeaanspreeklikheid vir 'n oortreding van die regulasies te vermy.

Skoonmaakpersoneel kan werk om die kantoor skoon te maak. Tuindienste is eers onder Vlak 3 toelaatbaar.

3.2 Nie soos normaalweg nie

Let op: Die kerkkantoor kan dus nie soos normaalweg oop wees nie. Personeel mag slegs hierdie goedgekeurde dienste verrig en moet dan weer terugkeer huis toe. SK 43257 par 40 spel uit watter maatreëls voortdurend by die werkplek getref moet word om dit veilig te maak – sien hieronder.

3.3 Permit

Persone wat hierdie werksaamhede verrig, moet van 'n permit voorsien word, onderteken deur die verantwoordelike persoon (leraar, voorsitter DVK, voorsitter kerkraad) in die gemeente. Dit gee aan die betrokke persone die reg om tussen hul huis en die kerkkantoor te reis, en moet altyd met 'n ID-dokument getoon kan word. Die permit kan van ons webblad afgelaai word in [PDF](#) of [Word](#)-formaat.

Gemeentes moet die permitte met groot diskresie uitreik. Beperk die getal. Die persoon wat dit namens die gemeente onderteken moet altyd geskik kan word vanaf 'n padblokkade of onder ander omstandighede.

Hier is 'n [permit vir beweging](#) wat moontlik ook van nut mag wees.

3.4 Maatreëls wat by die werkplek getref moet word

Paragraaf 40 van Staatskoerant Nommer 43257 sê watter maatreëls instansies met minder as 10 werknemers moet tref. Dit sluit in:

- Werknemers mag nie nader as 1.5 meter van mekaar werk nie (dit geld vir kantoor, kombuis, asook werkstasies waar voedselpakkies verpak word);
- Persone met Covid-verwante simptome (soos in paragraaf 21 uitgespel) mag nie kom werk nie – persone se gesondheid moet nagegaan word wanneer hulle vir diens aanmeld;
- Indien iemand siek bevind word, moet 'n Covid-hulplyn geskakel word;
- Maskers is verpligtend;
- Gepaste handreiniger, seep, water en ontsmettingsmiddel vir werksoppervlaktes moet beskikbaar wees – werknemers moet deur die dag gereeld hul hande was en ook hul werkstasies ontsmet;
- Werknemers of medewerkers het nie 'n keuse of hulle hierdie maatreëls wil uitvoer of nie (par 41).

Hierdie reëlins geld vir administrasie, die voorbereiding van warm voedsel, vir die verpakking van noodkospakkies en vir ander ruimtes waar sorg gelewer word.

Elke onderneming moet 'n Covid-19 basiese bedryfsplan hê. Vir klein besighede met minder as 10 werkers hoof dit baie basies te wees. Kyk op bl 38, Anneks E, van [SK 43258](#).

4. Die insameling van dankoffers

Die insameling van dankoffers, bankkollekte en deurkollekte bly 'n groot bron van besorgdheid.

Dankoffers: Gemeentes vra lidmate wat per kontant bydra om die geld in koeverte te sit en saam te bring wanneer gemeentes se samekomste normaliseer. Dankoffers kan ook in die gemeente se rekening inbetaal word by 'n banktoonbank, 'n kitsbank of deur elektroniese oordrag. Dieselfde geld bankkollekte.

Elektroniese dienste soos **Zapper** is ook belangrik. Gemeentes kan hiervoor registreer (<https://www.zapper.com/merchant>). Dit is volkome veilig en kan gebruik word om die lidmaat of gesin se bankkollekte weklies in te betaal, of ook die maandelikse dankoffer. Gemeente kan lidmate gerus leer hoe om hiervan gebruik te maak. 'n Transaksie met Zapper is veiliger as om 'n bank- of kredietkaart in 'n kaartmasjien te druk. Moenie net aanvaar ouer mense hou nie hiervan nie. As julle hulle kan leer om dit te gebruik, is dit 'n vaardigheid wat hulle vorentoe nog baie kan help.

Deurkollekte is ook belangrik. Dit raak die sinodale kollekte wat vir ons ringsprojekte aangewend word, asook bedieninge wat gemeentes ondersteun, soos sendelinge. Dit is belangrik dat die **verdienslike sake** waarvoor kollekte opgeneem word onder gemeentes se aandag moet bly. Bly in jul weeklikse kommunikasie praat oor die dienswerk wat jul kollekte ondersteun. 'n Inligtingstuk oor die aanwending van sinodale kollekte is [hier](#) beskikbaar – bring dit asb. steeds onder lidmate se aandag. Gemeentes sou ook kon besluit om 'n persentasie van alle dankoffers wat ontvang word aan te wend vir sinodale kollekte en ander deurkollekte. Julle sal weet wat die verhouding in die verlede tussen totale dankofferinkomste en deurkollekte was.

Dit is uitdagende tye. Kom ons behou geloof en kom ons fokus op die nood rondom ons.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode